Strand High School

STIGTINGSDATUM: 1963
LEUSE: VOLHARD EN OORWIN
ADRES: SAREL
CELLIERSSTRAAT 205, STRAND
WWW.STRANDHIGH.CO.ZA

Skoolgeskiedenis

In die jare 1950 het Somerset-Wes en die Strand vinnig gegroei en dit het gelei tot 'n toenemende behoefte aan skole vir die gebied. Met 'n leerlingtal van 670 het Hottentots Holland Hoërskool reeds meer leerlinge gehad as wat hy kon hanteer. 'n Komitee het die Skoolraad van Stellenbosch genader met 'n versoek dat die Departement van Onderwys 'n tweede hoërskool stig. Die versoek is toegestaan en in Mei 1958 het die skoolkomitee 'n geskikte terrein begin soek. Ná 'n deeglike ondersoek is aanbeveel dat die skool in die Strand se munisipale gebied gestig moet word, en 'n perseel op die hoek van Sarel Celliersstraat en Aerodromeweg is vir R10 000 gekoop. Die skool sou oorspronklik Hoërskool Valsbaai heet en Afrikaansmedium wees. In 1961 is die hoofskap geadverteer en 57 aansoeke is ontvang. MJ Odendaal, destydse onderhoof van Hottentots-Holland, is as hoof van die nuwe skool aangestel. Millsstraat 96, 'n groot eiendom met sewe deelhuise is ook teen R1 000 per jaar gehuur. Dit sou die skool se tydelike klaskamers wees en dien as huisvesting vir van die leerlinge. Saterdag 20 Januarie 1962 was 'n baie besige dag by Millsstraat 96. Die hoof en sy vier assistente het die moue opgerol om seker te maak alles is gereed vir die skool se opening daardie Maandag. Teen die aand is die huis omskep in 'n skool met 'n kantoor, 'n personeelkamer, vier klaskamers met swartborde en selfs 'n kombuis vir huishoudkundeklasse. Op 23 Julie 1963 is die skool deur die Administrateur van Wes-Kaapland, dr JN Malan, geopen. Vandag floreer die skool. Dit bied uitmuntende onderwys en 'n verskeidende sportsoorte aan, onder meer tennis, atletiek, netbal en rugby.

"As ek terugdink aan my rugbydae op Strand, tref die geesdrif, trots en gedissiplineerde benadering tot die spel my. Strand het rugby met erns bejeën en ons het respek afgedwing deur party van die groot skole te klop. Ons pak voorspelers is deur Piet Faassen afgerig, en almal het geweet dat ons nie sommer gaan lê nie. Piet het seker gemaak dat elke lid van sy span behoorlik afgerig en fiks is. Hy het ook verseker dat elkeen weet wat van hom verwag word en dat dit 'n spesiale voorreg is om lid van sy span te wees. In my tyd kon voertuie langs die veld parkeer, en die Strand-ondersteuners het 'n atmosfeer geskep wat ek nooit sal vergeet nie. Die skool, die onderwysers en Piet het my gewys dat harde werk beloon word. Hulle het ook 'n kultuur van selfvertroue gekweek wat in elke sportloopbaan belangrik is."

— Colin Beck (Springbok in '81)

Rugby by Strand

By 'n Afrikaansmediumskool sou 'n mens verwag dat rugby gespeel sou word – en goeie rugby ook. Die legendariese breier Piet Faassen het in 1966 opgedaag en die eerste span tot 2003 afgerig. Sedertdien het hy steeds by die skool se rugby betrokke gebly. Nasionale sukses het so vroeg as 1981 gekom. Daardie jaar het Colin Beck die skool se eerste Springbok geword. Hy het die Bokke op hul omstrede toer na Nieu-Seeland vergesel. Die spelers is met meelbomme bestook.

Die skool het talle ander uitmuntende spelers opgelewer. Kobus Kirsten was 'n WP-stut en Jaco Kirsten, haker, was kaptein van die Oostelike Provinsie. Kobus van der Merwe het vir SA o.20, SA Universiteite, WP en Griekwas gespeel. Nadat hy die Grens se Bulldogs afgerig het, was hy assistentbreier vir Rudolph Straeuli van die Sharks. Hy sou later hoofbreier van die Stormers word.

Ander oudleerlinge wat provinsiale rugby gespeel het is Dirk Hanekom, Charl Hollwill, Hendrik Truter, Kobus Niemand en Leon Roos. Earl Rose is dalk die bekendste speler. Dié lenige heelagter, ook 'n bedrewe losskakel, het eers vir die WP in die 2004, 2005-seisoen gespeel voordat hy noordwaarts na die Lions uitgewyk het. Sy jonger broer Jody was 'n uitmuntende losskakel op Paul Roos. Hy het, soos sy broer, vir SA Skole gespeel en sy pad lê oop na provinsiale rugby. Earl Rose is die eerste SA Skolespeler wat Strand opgelewer het. Hy was net sestien toe hy vir die 1ste span gespeel het, en het bygedra tot sy skool se oorwinning oor die Kaapse reus Bishops.

Ander onlangse junior nasionale spelers is Jacques Rossouw (SA o.21) en Clayton Steward (SA o.18). Strand het betreklik baie hoogtepunte in sy kort bestaan beleef. Die Rhodesiese toer van 1973 is onvergeetlik. Strand het al vyf sy wedstryde gewen. In 1984 het Strand Paarl Gimnasium ondergesit, en net twee wedstryde teen die Kaap en die Wynlande se grotes verloor. Dit het die weg gebaan tot die skool se onoorwonne seisoen van 1985. Die laaste wedstryd van die seisoen was die naelbyt oorwinning oor die onoorwonne Bishops met 8-4.